

Kom loof die Heer, o alle Knechte van die Heer!!!

Psa 134:1 'n Bedevaartslied. Kom, loof die HERE, o alle knechte van die HERE wat snags in die huis van die HERE staan!

Psa 134:2 Hef julle hande op na die heiligdom, en loof die HERE!

Psa 134:3 **Mag die HERE jou seën uit Sion,** Hy wat hemel en aarde gemaak het!



• Waarom aanbid ons?

- **A. Vir wie Hy is, Skepper van alles** – Exo 20:3 Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie. - Mat 22:37 En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Mat 22:38 Dit is die eerste en groot gebod.
- **B. Vir wat Hy vir ons gedoen het.** – ons gekape en gered het.
- **C. Om die wil van ons hemelse Vader te gehoorsaam** - Joh 4:23 Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid.
- **D. Om Hom te sien en eer** – Aanbidding is vir God, om God plesier te gee, aanbid Hom omdat Hy God is.
- **E. Omdat ons Hom liefhet.**
- **F. As gevolg van Sy bedrywighede hier op aarde –Sy dood, Sy opstanding, Sy naderende wedreks.**
- **G. Om tot Hom te nader** - Psa 100:2 Dien die HERE met blydschap; kom voor sy aangesig met gejubel. Psa 100:3 Erken dat die HERE God is: Hy het ons gemaak, en ons is syne, sy volk en die skape van sy weide. Psa 100:4 Gaan sy poorte in met lof, sy voorhowe met lofgesang; loof Hom, prys sy Naam.
- Psa 22:3 (22:4) Tog is U die Heilige wat woon onder die lofsange van Israel! Psa 22:4 (22:5) Op U het ons vaders vertrou; hulle het vertrou, en U het hulle uitgered.

Die “Woord” van God!

Leef elke dag saam met Jesus!

Mat 5:3 Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Joh 14:21 Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom



Hoe kan ek die “Woord” van God verstaan en hoe kan ek ontvang wat God in Sy “Woord” belowe!

- Mat 28:18 En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.
- Mat 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.
- Mat 11:27 Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar.
- Joh 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;
- Daar is een Woord (Die Bybel) – Glo dit
- Daar is een pad – Stap dit
- Daar is een lewe – Leef dit
- 1. Lees die Woord van God!
- 2. Stel jouself in om die Woord te verstaan!
- 3. Glo die Woord van God en moenie twyfel nie!
- 4. Reageer en word n dader van God se Woord!
- 5. Wees waaksaam want die versoeker ken ook die Woord van God! – Vra die Heilige Gees om in jou te woon en om jou te lei in elke situasie.

Die boek van Johannes




- **Johannes skryf hierdie evangelie sodat ons as mens kan weet :**
 - Wie Jesus is.
 - Dat ons Jesus kan vertrou.
 - Johannes leer ons dat ons nie net Jesus moet vertrou oor die wonderwerke wat Hy gedoen het nie, maar ons moet Jesus waarlik vertrou dat Hy die ware verlosser is!!!
 - As ons waarlik in SY naam (Jesus) glo, ons selfs die wonderdade sal beleef wat Jesus gedoen het.
 - Dat ons God beter sal leer ken, deur Jesus se werke.
- **Johannes 14:21-24**
 - Joh 14:21 Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.
 - Joh 14:22 Judas, nie die Iskariot nie, sê vir Hom: Here, hoe is dit dat U aan ons U sal openbaar en nie aan die wêreld nie?
 - **Joh 14:23 Jesus antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak.**
 - Joh 14:24 Hy wat My nie liefhet nie, bewaar my woorde nie; en die woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het.

Getuienis van Johannes die Doper



- Joh 1:15 Johannes getuig van Hom en roep en sê: Dit was Hy van wie ek gesê het: Hy wat ná my kom, het voor my geword, want Hy was eerder as ek.
- Joh 1:16 En uit sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade.
- Joh 1:17 Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.
- Joh 1:18 Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar.
- Joh 1:19 En dit is die getuienis van Johannes, toe die Jode uit Jerusalem priesters en Leviete gestuur het om hom te vra: Wie is u?
- Joh 1:20 En hy het erken en nie ontken nie, maar het erken: Ek is nie die Christus nie.
- Joh 1:21 Toe vra hulle hom: Wat dan? Is u Elía? En hy sê: Ek is nie. Is u die profeet? En hy antwoord: Nee.
- Joh 1:22 Toe sê hulle vir hom: Wie is u? —dat ons antwoord kan gee aan die wat ons gestuur het. Wat sê u van uself?



Getuienis van Johannes die Doper



- Joh 1:23 Hy antwoord: Ek is die stem van een wat roep in die woestyn: Maak die pad van die Here reguit! soos Jesaja, die profeet, gesê het.
- Joh 1:24 En die wat gestuur was, was uit die Fariseërs.
- Joh 1:25 En hulle vra hom en sê vir hom: Waarom doop u dan as u nie die Christus of Elía of die profeet is nie?
- Joh 1:26 Johannes antwoord hulle en sê: Ek doop met water, maar onder julle staan Hy vir wie julle nie ken nie—
- Joh 1:27 dit is Hy wat ná my kom, wat voor my geword het, wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie.
- Joh 1:28 Dit het gebeur in Betábara, oorkant die Jordaan, waar Johannes besig was om te doop.
- Joh 1:29 Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!
- Joh 1:30 Dit is Hy van wie ek gesê het: Ná my kom 'n man wat voor my geword het, want Hy was eerder as ek.
- Joh 1:31 En ek het Hom nie geken nie; maar dat Hy aan Israel openbaar sou word, daarom het ek gekom en met water gedoop.
- Joh 1:32 En Johannes het getuig en gesê: Ek het die Gees soos 'n duif uit die hemel sien neerdaal, en Hy het op Hom gebly.
- Joh 1:33 En ek het Hom nie geken nie; maar Hy wat my gestuur het om met water te doop, Hy het aan my gesê: Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.
- Joh 1:34 En ek het gesien en getuig dat Hy die Seun van God is.

Wat getuig en glo jy!



- Wat getuig of roep jy uit op die staduim oor wie Jesus is.
 - Johannes roep en se: Dit was Hy van wie ek gesê het: Hy wat ná my kom, het voor my geword, want Hy was eerder as ek. En uit sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade.
 - Hoekom getuig Johannes – **Hy het gesien** hoe Jesus gevul was met die Heilige Gees. Johannes het hierdie ervaring saam met Jesus gehad en nou kan hy daarvan getuig.
 - Joh 1:32 En Johannes het getuig en gesê: Ek het die Gees soos 'n duif uit die hemel sien neerdaal, en Hy het op Hom gebly.
 - Joh 1:33 En ek het Hom nie geken nie; maar Hy wat my gestuur het om met water te doop, Hy het aan my gesê: Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.
 - Joh 1:34 En ek het gesien en getuig dat Hy die Seun van God is.
- **Waarheid**
 - Joh 8:31 En Jesus sê vir die Jode wat in Hom geglo het: **As julle in my woord bly**, is julle waarlik my dissipels.
 - Joh 8:32 **En julle sal die waarheid** ken, en die waarheid sal **julle vrymaak**.
 - Joh 14:6 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.
 - **Genade**
 - Joh 1:14 En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid.
 - Joh 3:36 Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.

Wat getuig en glo jy!



- Johannes verklaar niemand het God gesien nie maar Jesus wat uit die hemel gekom het, het God verklaar.
- Mense wil weet wie Jesus is – Priesters en Leviete
- Priester – Geestelike wat deur n biskop gewy is, Bybelse tempel dienaar
- Leviet – Israeliet wat aan die stam van Levi behoort, priester
- Wanneer jy getuig gaan jy uitgevra word. Wat gaan jou antwoord wees
- Johannes erken dat hy nie die Christus is nie – Mense wil graag weet wie ons is, Wat se U van U-self?
- Mense sal altyd wil weet hoekom ons as kinders van die Here sekere dinge doen – hoekom gaan ons kerk toe, bid ons voor ons eet, bid ons, lees ons Bybel, doen hospitaal besoeke, betaal ons tiende, drink ons nie, vloek ons nie ens
- Fariseer – Godsdienstige skrifgeleerde in Israel wat die seremonies en uiterlike vorm van die geskrewe wet sowel as van die mondelinge oorlewering so stip as moontlik probeer nakom het. (Skynheilige en huigelaars)
- Joh 8:58 Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek.
- Jy gaan moet antwoord – Johannes antwoord nie direk nie en se net ek doop met water maar onder julle staan iemand wat julle nie ken nie
- Eers die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom . Hy wag eers om te kyk of hierdie manne regtig wil weet wie Jesus is.
- Dan getuig hy wie Jesus is. (Joh 1:29-34)
- Wie is God, Jesus en die Heilige Gees vir jou.

- Joh 3:32 En wat Hy gesien en gehoor het, dit getuig Hy; en niemand neem sy getuienis aan nie.
- Joh 1:18 Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar.
- Joh 3:11 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, ons spreek wat ons weet en ons getuig van wat ons gesien het, en julle neem ons getuienis nie aan nie.
- Joh 8:26 Ek het baie dinge om van julle te sê en te oordeel; maar Hy wat My gestuur het, is waaragtig; en Ek, wat Ek van Hom gehoor het, dit spreek Ek tot die wêreld.
- Joh 15:15 Ek noem julle nie meer diensknegte nie, omdat die dienskneg nie weet wat sy heer doen nie. Maar Ek het julle vriende genoem, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het.
- Joh 3:33 Wie sy getuienis aangeneem het, het sy seël daarop gesit dat God waaragtig is.
- Joh 6:27 Moenie werk om die spys wat vergaan nie, maar om die spys wat bly tot in die ewige lewe, wat die Seun van die mens julle sal gee; want Hom het God, die Vader, verseël.
- 1Jo 5:10 Wie in die Seun van God glo, het die getuienis in homself. Hy wat God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat God aangaande sy Seun getuig het nie.
- 1Jo 5:11 En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun.

- Joh 3:35 Die Vader het die Seun lief en het alles in sy hand gegee.
- Joh 5:20 Want die Vader het die Seun lief en toon Hom alles wat Hy self doen. En groter werke as hierdie sal Hy Hom toon, sodat julle verwonderd kan wees.
- Mat 3:17 En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehag het.

- Joh 3:36 Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.
- Joh 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;
- Joh 6:40 En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.
- Joh 6:47 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe.
- Hab 2:4 Kyk, sy siel is opgeblase in hom en nie reg nie. Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe.